

# Parkies maak groot golwe by swem-Interhoër

## Hannes Nienaber

Die Hoërskool Menlopark se swemmers het soos verwag die Interhoër se A-bond-byeenkoms in die Hillcrest-swembad oorheers.

Dié skool het in die algehele spankompetisie sowel as in die afdeling vir seuns en meisies met die louere weggestap.

Menlo se Michée van Rooyen (o.15) het in die 200 m- individuele wisselslag die rekord tot 2:28.62 verbeter. Van Rooyen was verlede jaar die eerste Suid-Afrikaanse vroueswemmer in drie jaar wat daarin geslaag het om 'n medalje in Fina se Wêreldbeker-reeks te wen.

Rita Naudé van Menlopark het twee goue medaljes verower. Sy het in die 100 m-rugslag (1:06.48) en 50 m-vrystlag (28.89) koning gekraai. In die 100 m-rugslag het sy sterk teenstand van die Afrikaanse Hoër Meisieskool van Pretoria se Mikal Botha (1:10.92) gekry.

Affies se Nastasiya Vrey (o.17) het in die 100 m-borstslag eerste aan die kant geraak op 1:21.73. Nog 'n swemmer van dié skool, Carmen Botha (o.16), het in die 100 m-rugslag in 'n tyd van 1:09.43 gewen.

Rudo Loock (o.19) van Menlopark is as die senior victor ludorum aangewys. Hy het in die 200 m- individuele wisselslag (2:10.52) en 50 m-vlinderslag



**Rudo Loock van Menlopark op pad om die 50 m-vlinderslag vir seuns o.19 in 'n nuwe rekordtyd van 26.44 sek. te wen. Loock is ook ná afloop van die byeenkoms as die senior victor ludorum aangewys.**

Foto: MARIUS NORTJÉ

(26.44) geen gelyke gehad nie.

Ruben Smit (o.15), ook 'n Menloparker, is as junior victor ludorum aangewys en het drie goue medaljes ingeoes. Hy het in die 50 m-vrystlag in 'n tyd van 26.91 sek. deur die wa-

ter geklief. In die 200 m- individuele wisselslag het hy in 2:24.76 vir sy teenstanders weggeswem. Hy was ook in die 50 m-vlinderslag in 'n tyd van 28.49 sek. baas.

Onder die meisies is Cara

Vermaak van Cornwall Hill as junior victrix ludorum aangewys, terwyl Marli Swart van Crawford College die byeenkoms se senior victrix ludorum was.

Menlopark was met 729 punte die algehele kampioen.

Cornwall Hill was met 508 punte in die tweede plek, terwyl die Hatfield Christian School (409) derde geëindig het.

Menlopark was met 362 punte in die afdeling vir meisies baas. Affies (346) en Cornwall Hill (315) was onderskeidelik tweede en derde.

In die seunsafdeling het Menlopark (367) Affies (354) en Pretoria Boys' High (330) om die titel uitgestof.